Meer nuus by **www.Beeld.com** Lees die storie by:
http://www.news24.com/Beeld/Suid-Afrika/0,,3-975_2390301,00.html

# Aborsie nie 'n opsie, sê ma

Sep 08 2008 09:15:12:997PM

***Sy's drie weke oud, het by geboorte skaars 780 g geweeg en word as 'n mikro-premature baba beskou.***

Gloria Edwards

Sy's drie weke oud, het by geboorte skaars 780 g geweeg en word as 'n mikro-premature baba beskou.

Maar daar's niks klein aan baba Lee-Ann Naudé se wil om te leef nie.

Haar ma, me. Melissa Steyn (21), is sterk aangeraai deur dokters om 'n aborsie te ondergaan, maar het geweier. "Aborsie is moord. Ek kon dit nie aan haar doen nie. En ek is nie 'n dag spyt nie."

Lee-Ann se gewig by geboorte op 17 Augustus was heelwat minder as dié van gewone prematuur babas wat sowat 1 kg weeg. Sy weeg darem nou al 900 g.

Terwyl sy in die N17-hospitaal in Springs aan die Oos-Rand aansterk, twyfel haar ma sterk of sy ooit nog kinders sal hê. "Dit is my eerste en laaste. Ek is te bang dit gebeur weer."

Steyn was slegs 25 weke swanger toe 'n premature skeur aan die vrugwatersak veroorsaak het dat sy vroegtydig geboorte gegee het. Op week 23 van die swangerskap het haar ginekoloog haar na spesialiste verwys, wat haar aangeraai het om 'n aborsie te kry. "Hulle het gesê ek sou 'n infeksie optel en dit kon ons albei se lewens in gevaar stel."

Sy en haar verloofde, mnr. Danny Naudé, wou egter niks hiervan weet nie en twee weke later moes haar dokter die kraamproses aan die gang sit.

"Dit was aaklig. Ek het so gehuil. Ek was vir meer as 17 uur in kraam."

Steyn kan nie wag om haar dogter huis toe te neem nie. "Sy gaan egter nog lank in die hospitaal wees."

Mev. Charmaine Janse van Rensburg, neo-natale en pediatriese eenheidsbestuurder by dié hospitaal, sê Lee-Ann moet meer as 1,8 kg weeg, aan 'n bottel kan drink en self asemhaal voordat sy ontslaan kan word. "Die broeikas waarin sy tans lê, vervang die funksie van die baarmoeder. Haar asemhaling word ondersteun deur 'n ossilator-masjien, sy kry buisvoeding en is op 'n drup. Sy moet ook genoeg slaap kry en minimaal hanteer word."

Volgens Janse van Rensburg moet prematuur babas ook borsmelk kry. "Ons het 'n borsmelkbank waar mammas borsmelk skenk, wat ons dan vir babas gee wie se ma's nie kan borsvoed nie."

Terwyl die kans vir mikro-prematuur babas om te oorleef redelik goed is, is dié babas geneig tot infeksie en breinskade en kan hulle later gehoor- en sigprobleme opdoen. “Hulle bereik mylpale stadiger.”

Lee-Ann het bloeding op die brein, maar dit is volgens Janse van Rensburg onder beheer. “Sy sterk goed aan.”

Intussen wag Steyn nog vir die dag dat sy haar baba kan vashou.

“Sy’s ’n wonderlike lewetjie wat aan ons gegee is om voor te sorg. Ek sou dit nooit oor my hart kon kry om haar te aborteer nie. Sy’s ’n vegtertjie.”